Laaste buffels is in laat 1700's in dié streek gesien

MALANI VENTER
Stellenbosch

Die eerste buffelkalfie in 200 jaar is op die Agulhas-vlakte, 'n laagliggende gebied naby Afrika se suidelikste punt, gebore.

Die kalf – wat nog amptelik sy Khoisan-naam moet kry – is lid van 'n trop buffels wat in die Nuwejaars-vleiland Spesiale Bestuursgebied (SBG) hervestig is.

Dié gebied is deel van die Agulhas-vlakte en beslaan 46 000 ha.

Die buffeltjie is op 2 September gebore.

Die Agulhas-vlakte, 'n gebied van 270 000 ha, strek van Stanford tot aan die Breërivier en Afrika se suidelikste punt.

Mnr. Dirk Human, voorsitter van die SBG, het gesê die laaste buffels is in die laat 1700's in die streek gesien.

Die kalfie se geboorte is die eerste stap om die gebied se natuurlewe te hervestig.

Buffelkalfie op Agulhas-vlakte gebore

MORNÉ SCHAAP, Grafika24

"Ons het ook seekoeie, wat 150 jaar laas hier gesien is.

"Ons bring stadig die natuurlike stelsel terug, soos dit in die vorige eeue hier op die vlakte bestaan het," het Human gesê.

Die SBG sluit in 25 grondeienaars in die Overberg-distrik wat hul grond gesamentlik v bewaring bestuur.

Tydens die onlangse Agri M ga-week op Bredasdorp het le van die SBG 'n memorandu van samewerking met die W Kaapse minister van landbou landelike ontwikkeling, m Gerrit van Rensburg, onder ken.

Dit verseker noue samew king tussen die organisasie die departement om volgeho biodiverse bewaring en lande ke ontwikkeling te bevorder.

Human het gesê buiten 15 b fels is ander wild, soos kwagg en rooihartebeeste, ook al in h natuurlike habitat vrygelaat.

Dit vorm alles deel van 'n tensiewe teelprogram met d doel om die diere later in hul tuurlike habitat te hervestig.

Verskeie kameras is ook in gebied opgestel om beter insig die wild en voëls se gedragsp trone te kry.